



MEERTALIGHEID MAAK SAAK

– in die klas, op kampus, in die wêreld en binne-in elkeen van ons.

By die Universiteit Stellenbosch (US) glo ons dat **meertaligheid** oor meer gaan as bloot die vermoë om verskeie tale te gebruik.

Dit gaan daaroor om die waarde te herken van dit wat gesê word, ongeag die taal wat gebruik word, en of dit in Afrikaans, Engels, Xhosa of Suid-Afrikaanse Gebaretaal gesê word.

Dit spreek tot ons diversiteit as 'n land – en maak dit vir ons moontlik om op maniere met mekaar te skakel wat andersins onmoontlik sou wees. **Meertaligheid is derhalwe ook 'n gesindheid.**

By die US fokus ons nie slegs op **institusionele meertaligheid** nie, maar ook op **individuele meertaligheid**. Ons vestig dus nie net meertalige ruimtes by die Universiteit nie – byvoorbeeld deur te verseker dat die Universiteit amptelik in drie tale kommunikeer – maar ons moedig mense ook doelbewus aan om uit te reik en meer as een taal te gebruik, selfs al kan hulle net 'n paar woorde in party van daardie tale verstaan en praat. Wanneer ons gewillig is om uit ons eie taalgemaksone te tree om met iemand anders te skakel in 'n taal wat vir hulle kosbaar is, vind 'n betowerende soort menslike interaksie plaas.

Individuele meertaligheid is 'n bate wat ons graag by die US wil ontwikkel weens die akademiese voordele wat dit inhou. Wanneer geleenthede vir individuele meertaligheid geskep word, kan mense hul vermoë ontwikkel om tale en taalvariëteite in verskillende vorme en op verskillende vaardigheidsvlakke te gebruik.

Het jy al ooit probeer om 'n nuwe taal aan te leer? Dan sal jy weet dat dié leerervaring jou lewe kan verander. Alles wat jy van tale weet en alles wat jy ervaar betreffende tale en hoe hulle onderling met mekaar in verband staan, dra by tot jou vermoë om met die wêreld in wisselwerking te wees.

Waar sal 'n mens begin? Werk saam met ons om 'n meertalige ingesteldheid by die US te laat ontvou.



taalsentrum@sun.ac.za



+27 21 808 2167



Banghoekweg 44 | Bosmanstr 7



TAALSENTRUM
LANGUAGE CENTRE
IZIKO LEELEWIMI